

Kommentaar oor kandidate se prestasies en algemene foute, en riglyne vir die klaskamer.

Vraag 1

Alhoewel hierdie vraag goed beantwoord is, moet kandidate geleer word om vrae met meer begrip te lees. Antwoorde het nie altyd met elektriese tegnologietoepassings verband gehou nie.

Vraag 2

Kandidate moet in staat wees om tussen die tegnologiese prosesse (bv. hoe 'n produk vervaardig word) en die vloeddiagram wat 'n prosesse beskryf (bv. inset- prosesse – uitset) te onderskei.

Vraag 3

Hierdie vraag is goed beantwoord.

Vraag 4

Kandidate het nie geweet wat 'n arbeidsfaktor is nie. Die konsep van verskillende drywingskomponente en die verandering van die onderwerp van 'n formule het steeds probleme geskep. Meer oefening in hierdie verband word benodig.

Vraag 5

Hierdie vraag is goed beantwoord. Kandidate moet egter tussen 'n stroom/spanningsfasor-diagram en 'n impedansiefasor-diagram kan onderskei en onthou om nie die waardes en simbole op dieselfde diagram te gebruik nie.

Vraag 6

Hierdie vraag is swak beantwoord. Kandidate moet onderskei tussen die funksie/doel van komponente (SBG, TRIAK, DIAK) en hulle werkbeginsels /werking. Kandidate moet geleer word om simbole met die regte byskrifte te teken.

Vraag 7

Hierdie vraag is swak beantwoord. Operasionele versterkers en hulle oordraggrafieke moet meer aandag van beide kandidate en onderwysers geniet.

Vraag 8

Hierdie vraag is redelik goed beantwoord. Sommige kandidate verwar steeds *ster* en *delta*. Sketse kan handig wees om vrae beter te verstaan.

Vraag 9

Hierdie vraag is swak beantwoord. Baie kandidate het geen poging aangewend om die vraag te beantwoord nie. Meer tyd moet aan hierdie gedeelte van die werk bestee word. Kandidate het gesukkel om waardes van 'n waarheidstabel of van Boolese vergelykings af na 'n Karnaugh-kaart oor te dra.

Vraag 10

Hierdie vraag is redelik goed beantwoord. Onderwysers behoort vir kandidate te wys hoe die binnekant van 'n elektriese motor lyk.